

23 Julie

Skrifgedeelte: Psalm 136
Fokusgedeelte: Psalm 136:1

Want sy goedertierenheid is tot in ewigheid

Psalm 136 het 26 verse. Elke liewe vers, al 26 van hulle, word as't ware onderstreep deur dieselfde woorde: *Want sy goedertierenheid is tot in ewigheid*. Die digter wil die HERE, die troue Verbondsgod, loof omdat álles deur sy totale, ewige lojaliteit, sy onverbreekbare trou, gedra word.

Teen hierdie agtergrond is dit te verstane waarom Psalms 135 en 136, saam met Psalms 113-118, 'n besondere plek in Israel se erediens vervul het. Hierdie twee Psalms word deur sommige die Groot Hallel genoem. Die voorganger het die eerste frase van die lied aangehaal, waarop die gemeente die refrein herhaal het: "... *want sy goedertierenheid is tot in ewigheid*."

Laat ons Hom ook loof vir sy goedertierenheid in sy skepping (vs 4-9). In Suid-Afrika het ons soveel rede daarvoor. Ons word omring deur die wonder van die natuur en verwonder ons oor sy troue sorg daarvoor.

Laat ons Hom saam met die digter loof vir sy goedertierenheid van verlossing en heiligmaking. Sy redding uit Egipteland; sy troue versorging deur die woestyn; die heerlike erfenis van die Beloofde Land (vs 10-16). Laat dit vir ons persoonlik word en ook in Nuwe-Testamentiese lig óns verlossing deur Christus teken; óns daaglikse versorging; ons heiligmaking deur die Gees; ons op pad wees na dié Beloofde Land!

Laat ons Hom loof, want nes vir Israel tydens die woestynreis (vs 17-24), skenk God ook aan óns oorwinning oor ons vyande. Die Nuwe Testament sê: oor die duiwel, die sondige wêreld en ons eie vlees.

Laat ons Hom loof vir elke krieseltjie kos. Ook dít gee Hy aan my soos aan elke lewende wese (vs 25).

Elke deeltjie van ons lewe hoort onderstreep te word deur die dankbare erkenning: *want sy goedertierenheid is tot in ewigheid!*

Sing: Skrifberyming 2-4:1, 3

Ds. CJ Nagel (Messina)